

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het – die Torah van Melgisédek. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die Torah van YHVH net die dooie letter van die wet wees!!

Yeshua is die hart van die Vader!

Parashah 12: Vayechi (ויחי) – En Hy Het Geleef.

Ya'akov het sewentien jaar in Mitzrayim gelewe sodat die dae van Ya'akov, die jare van sy lewe, honderd sewe en veertig jaar was. Gen. 47:28¹.

Torah : Gen. 47:28 tot 50:26.

Haftorah: 1 Kon. 2:1 tot 12.

Nuwe Verbond: Luk 1 :33; Luk. 4:31 tot 5:11; Hand. 7:9 tot 16; Hand. 15:17; Heb. 11:21 tot 22; Open. 5:5.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir Parashah 12 wat afgelaai kan word by: [Parashah12Notas14](#) en [Parashah12Notas15](#).

Part of life is preparing for death, and part of preparing for death is preparing for life after death – Anonymous.

Dit is 'n tydlose waarheid wat Ek vir julle sê: wie ook al My boodskap hoor en Hom vertrou wat My gestuur het, het die ewige lewe en kom nie in die veroordeling nie, maar het oorgegaan uit die dood in die lewe. Dit is 'n tydlose waarheid wat Ek vir julle sê: daar kom 'n tyd en dit is nou, wanneer die wat dood is die stem van die Seun van God sal hoor en die wat dit hoor, sal lewe. Joh. 5:24 en 25.

We are not able to see our life before death, just like we are not able to see our life before we were born, because we are not able to imagine anything beyond the time – Anonymous.

Endings are not always bad. Most times they're just beginnings in disguise – Kim Harrison.

¹ Alle teksverwysings is geneem uit PWL_(Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by padwlewe@yahoo.com of telefonies by 074 361 2134 gekontak word.

Torah Bespreking

Hersiening

Hiermee kom ons dan aan die einde van *B'reisheet* (Genesis), die eerste van die vyf boeke van Moses. Maar volgens Hebreeuse denke is die einde egter altyd 'n nuwe begin! Daarom is Exodus (*Sh'mot*) die begin van die geskiedenis van Israel in Egipte en hulle uiteindelijke in besitneming van die Beloofde Land Kanaän!

In hierdie twaalfde Torahskriflesing neem ons afskeid van Jakob, asook van Josef. Ons het gekom aan die einde van die geskiedenis van ons voorvaders. Ons voorvader Abraham is die ewige voorbeeld van 'n lewe van vertroue in YHWH se liefdevolle omgee en van gehoorsaamheid aan alles wat YHWH beveel het. Hierdie is die fondament waarop 'n verhouding met YHWH gebou moet word. Dit was so in die ou verbond en is steeds so in die nuwe verbond. Hierdie ewige patroon (gietvorm) waarvan Abraham ons voorbeeld is, word deur die volgende teksverse opgesom en bevestig:

Avram het in יהוה vertrou en Hy het hom dít tot onpartydige opregtheid gereken. Gen. 15:6.

Net soos wat Avraham in God vertrou het en dit vir hom tot onpartydige opregtheid bereken is? Gal. 3:6.

Abraham is deur vertroue in YHWH regverdig verklaar, maar het deur gehoorsaamheid deel gehad aan YHWH se seënninge. Dit word ondermeer bevestig deur YHWH se woorde aan Isak in Gen. 26:3 tot 5:

3 Bly as besoeker in hierdie land en Ek sal by jou wees en jou seën, want aan jou en jou nageslag gee Ek al hierdie koninkryke. Ek sal die eed nakom wat Ek teenoor jou vader, Avraham, gesweer het 4 en Ek sal jou nageslag vermeerder soos die sterre van die hemel en aan jou nageslag al hierdie lande gee en in jou nageslag sal al die nasies van die aarde geseën wees 5 omdat Avraham My stem gehoorsaam het en My opdragte, My bevele, My verordeninge en My wette nagekom het.

YHWH sal die eed nakom wat Hy teenoor Abraham gesweer het, naamlik:

...en Ek sal jou 'n groot nasie maak en jou seën en jou karakter en outoriteit (naam) groot maak en jy sal 'n seën wees en Ek sal diegene seën wat jou seën en hom vervloek wat jou vervloek en in jou sal al die families van die aarde geseën word." Gen. 12:2 en 3.

Hierdie is die verbond (eedsvering) van die belofte van die seën van 'n nageslag waaruit die Messias sou kom en waarna Paulus ook in Efes. 2:12 verwys! Hierdie eedsvering is opgevolg deur die bloedverbond van die belofte van die beloofde land Kanaän (Gen. 15:8 tot 21).

Die verbond met Abraham is dus beide 'n eedsvering deur YHWH en 'n bloedverbond! Die eedsvering deur YHWH is 'n eensydige verbond waarby die mens nie betrokke was nie, maar met die bloedverbond was Abraham en sy toekomstige nageslag betrokke. Beide hierdie verbonde, gesamentlik bekend as die verbond met Abraham, was steeds van krag tydens Israel se jarelange verblyf in Egipte, asook toe hulle by Sinai aangekom het [Hierdie is meer volledig bespreek in die notas van Parashah 3 wat afgelaai kan word by: [Parashah3Notas.17](#)].

Abraham is daarom die vader van almal wat in Yeshua as die Messias vertrou (Rom. 4:14 tot 16). Hy is ook die aardsvader van die onbesnedene.

11 Hy het die teken van die besnydenis ontvang as 'n seël van sy onpartydige opregtheid deur vertroue, toe hy nog nie besny was nie sodat hy die vader kon wees van almal wat vertrou terwyl hulle onbesnede is sodat dit ook vir hulle as onpartydige opregtheid gereken kon word **12** en net so ook is hy 'n vader van dié besnedenes wat nie alleen fisies besny is nie, maar ook loop in die voetspore van vertroue van ons vader Avraham, toe hy nog onbesnede was. Rom. 4:11 en 12.

Elkeen, Jood en nie-Jood, wat bely dat Yeshua die Messias is, is deel van die verbond van die belofte wat YHVH met Abraham gesluit het en met Isak en Jakob bevestig het. Petrus het na die genesing van die kreupel-gebore man (Hand. 3:1 tot 8) met sy toespraak in die pilaargang wat Salomo genoem word, hierna verwys toe hy gesê het:

21 Die hemel moet Hom (Yeshua) ontvang tot op die tyd van die einde van alle dinge, waarvan God van ouds af gepraat het deur die mond van al Sy afgesonderde profete, **22** want Moshe het gesê: 'יהוה sal vir julle 'n profeet, wat net soos ek is, uit julle broers laat opstaan; luister na alles wat Hy vir julle sal sê **23** en elke gees wat nie na dié profeet luister nie, sal vanuit die mense vernietig word.' **24** Ook het al die profete, van Sh'mu'el af en na hom, almal gepraat en ook hierdie dae aangekondig. **25** Julle is kinders van die profete en van die verbond wat God met ons vaders gesluit het toe Hy vir Avraham gesê het: 'In jou Saad sal al die families van die aarde geseën wees.' **26** God het Sy Seun eerste vir julle aangestel en gestuur as 'n Seën vir julle, as julle wegdraai van julle booshede, terug na God toe.' Hand. 3:21 tot 26.

Wat is die booshede waarvan die Jode moes wegdraai (vers 26)? En wat is hulle sondes wat uitgewis moes word (vers 19)? Die antwoord is in die voorafgaande verse 13 tot 15!

13 Die God van Avraham, Yitz'gak en Ya'akov, die God van ons vaders, het Sy Seun Yeshua eer, lof en grootheid gegee, Hom wat julle oorgelewer en voor Pilatos verwerp het, toe hý reg geoordeel het om Hom los te laat, **14** maar julle het die Afgesonderde en Onskuldige Een verwerp en gevra dat 'n moordenaar aan julle gegee sou word **15** en Hom, die Heerser van lewe, het julle doodgemaak, Wie God uit die dood uit laat opstaan het, waarvan ons almal Sy getuies is.

Tot vandag het Rabbynse Judaïsme nie wegedraai van hulle booshede en sonde van die verwerping van Yeshua as die Messias nie! Daarom, en soos wat Paulus dit in Romeine hoofstuk 11 beskryf, is hulle die afgebreekte takke van die mak olyfboom wat Israel simboliseer en wat slegs terug ingeënt kan word wanneer hulle bely dat Yeshua die gekruisigde en opgestane Messias tot vergifnis van sonde en versoening met YHVH-God is!

Maar ons as die wilde olyftak is ingeënt op die mak olyfboom en is daarom die ware Israel wat bestaan uit gelowige Jode en nie-Jode en wat deel is van YHVH se Hemelse Koninkryk – 'n geestelike koninkryk wat volgens YHVH se Raadsplan weer eendag as 'n fisiese koninkryk onder Yeshua herstel sal word!

Elke gelowige in Yeshua word deel van YHVH se volk, naamlik Israel, wat met Abraham as vader begin het. Daar is nie meer 'n onderskeid tussen Jood of Griek nie of tussen slaaf of vryman nie of tussen man en vrou nie, want ons is almal een in Yeshua Messias (Gal. 3:28 en 29).

Abraham het geleef met die vaste vertroue dat die Messias volgens die belofte sal kom, al het dit nie in sy tyd gebeur nie. Net so moet ons met die vaste vertroue leef dat die belofte van die wederkoms van Yeshua waar sal word, al gebeur dit nie in ons tyd nie!

YHVH se Ewige Torah

Abraham was geregverdig verklaar op grond van sy vertroue en gehoorsaamheid en sonder dat daar 'n tabernakel, Levitiese priesterorde en offerandes was! Hierdie is die patroon wat in die nuwe verbond herhaal word. In ons verdere studies van die oorblywende vier boeke van Moses, veral met betrekking tot Exodus (*Sh'mot*), is dit uiters belangrik om hierdie feit te onthou!

Maar dit is ook ewe belangrik om te verstaan dat Abraham se vertroue in die Messias wat sou kom, gepaard gegaan het met gehoorsaamheid aan YHVH se opdragte, Sy bevele, Sy verordeninge en Sy wette (Gen. 26:5). Abraham het YHVH se stem gehoorsaam, naamlik geluister (*sh'ma*) en gedoen (*sh'mar*) en hy het ook sy kinders YHVH se Torah geleer.

Ek (יהוה) het 'n verbondsverhouding met hom (Avraham) sodat hy aan sy seuns en sy huis ná hom bevel sal gee dat hulle die pad van יהוה moet hou om onpartydige opregtheid en reg te doen sodat יהוה oor Avraham kan bring wat Hy oor hom gesê het.” Gen. 18:19.

Daarom het Israel tydens hulle verblyf in Egipte die Torah van YHVH onderhou soos hulle vader Abraham hulle geleer het!

Soos in vorige Torahstudies bespreek is, is dit dus duidelik dat YHVH se Torah van die begin af – reeds voor die grondlegging van die wêreld – bestaan het. Adam en Eva, asook Noag, Abraham en sy nageslag het YHVH se Torah – Sy onderrig en instruksies in geregtigheid – ontvang waarvolgens hulle moes lewe. Daarom is dit belangrik om te verstaan dat YHVH se Torah reeds voor Moses bestaan het!

YHVH se Torah is geestelik (Rom. 7:14) en daarom kan dit nie vernietig word nie – dit is ewigdurend! Dit is die Karakter en Outoriteit van YHVH en daarom bestaan YHVH se Torah onafhanklik van die fisiese realm en van tyd.

Omrede YHVH se Torah deel van Sy Karakter en Outoriteit is, kan die grondslag (riglyne) van YHVH se Torah, en die aard (wese) daarvan, nie verander nie. Dit beteken dat YHVH se Torah vanaf Genesis tot Openbaring steeds geldig is! **MAAR** verandering in omgewing en omstandighede bring egter 'n aanpassing in die praktyk van toepassing en uitvoering van YHVH se Torah! Byvoorbeeld: Voor Yeshua was die Torah van Moses (die boek van die wet) fisies gerig, maar tog heenwysend geestelik en dus steeds goed. Na Yeshua het die klem geskuif na die geestelike verstaan en doen. (Mat 5:21 en 22).

Ons het ook geleer dat die mens van die begin af in 'n verbondsverhouding met YHVH hulle Skepper-God gelewe het soos dit in Hos. 6:7 bevestig word. YHVH is die getroue Verbondsgod!

Weet daarom dat יהוה, jou God, God is, die getroue Magtige God, wat Sy verbond en Sy onverdiende guns hou tot 'n duisendste geslag met dié wat Hom liefhet en Sy opdragte gehoorsaam. Deut. 7:9.

Dit is daarom uiters belangrik om te verstaan dat van die begin af was die verhouding tussen YHVH en die mens 'n verbondsverhouding en was die Torah die instruksies wat hoort by die spesifieke verbond wat op 'n gegewe tyd stip geldig was. Daarom moet ons weet watter Torah is van toepassing op die gelowiges onder die nuwe verbond!

Ons is deur vertrouwe in Yeshua as die Messias die geregtigheid van YHVH-God (2 Kor. 5:21) en nou moet ons die geregtigheid van die nuwe verbond doen (Matt. 6:33), naamlik die Torah van Yeshua. Hierdie geregtigheid is 'n juk wat sag is en 'n las wat lig is (Matt. 11:30).

Dit beteken dat soos ons die Skrifte bestudeer, moet ons onderskeid maak van watter verbond daar van gepraat word en watter Torah saam met daardie verbond funksioneer. Maar ongeag watter verbond en watter Torah van toepassing is, dit is steeds YHVH se verbond en YHVH se Torah. Hierdie verbonde, elk met sy toepaslike Torah, is die pad van herstel volgens YHVH se plan sodat alles sal eindig waar dit begin het, naamlik 'n herstellende tuin van Eden – 'n nuwe aarde en 'n nuwe Jerusalem [Dit is aan te beveel om weer die notas van Parashah 4-1 te lees: [Parashah 1 Notas.17](#)].

Daarom gaan ons met ons verdere Torahstudie leer wat die doel van die Torah van Moses in YHVH se plan van herstel is! Onthou altyd: Die einde word deur die begin bekend gemaak (Jes. 46:9 tot 11)! Soos dit aan die begin was, so sal dit teen die einde wees!

Bepeins of Bespreek

1. Rabbynse Judaïsme het Yeshua verwerp en daarom is hulle fokus steeds op die Torah van Moses wat die fisiese herbou van die tempel vereis met die gepaardgaande Levitiese priesterorde en die offerandes. Maar wat leer die Skrifte van die nuwe verbond ons oor hierdie dinge? Wie en wat is die tempel? Wie is die priesterorde en die Hoofpriester? Watter offers moet gebring word? Is ons tot en met Yeshua se wederkoms in die dispensasie van 'n aardse- of Hemelse Koninkryk? Het daar 'n verandering in die Torah van Moses plaasgevind na die folterdood en opstanding van Yeshua Messias?
2. Bogenoemde is van die talle belangrike vrae wat elkeen wat bely dat Yeshua die Messias is, sal moet beantwoord, want dit gaan bepaal wie deel van die eindtyd misleiding gaan wees en wie in die Waarheid tot die einde sal volhard!

Lewe Na Die Dood

²⁹ Die tyd van Yisra'el om dood te gaan het nader gekom en hy het sy seun Yosef laat roep en vir hom gesê: “As ek nou guns in jou oë gevind het, sit asseblief jou hand onder my dy en bewys vir my omgee en waarheid; moet my asseblief nie in Mitzrayim begrawe nie, ³⁰ maar laat my by my vaders lê. Jy sal my uit Mitzrayim uitdra en my in hulle grafte begrawe.” Hy antwoord: “Ek sal doen soos u gesê het.” Gen. 47:29 en 30.

Jakob het Josef gevra om te belowe dat hy hom nie in Egipte sal begrawe nie, maar wel in Kanaän (Israel) by sy vaders Abraham en Isak in die grot van Magpéla. Hierdie versoek van Jakob is bevestiging dat hy selfs in die dood steeds vertrou het in die belofte wat YHVH aan Abraham gemaak het. Jakob het onvoorwaardelik geglo dat sy nageslag eendag die Beloofde Land in besit sal neem en daarom wil hy daar begrawe word!

Maar Jakob ook geglo in lewe na die dood soos bevestig word deur sy woorde in Gen. 49:29 en 30.

²⁹ Hy het hulle beveel en vir hulle gesê: “Ek word byeengebring by my mense. Begrawe my by my vaders in die grot wat in die veld van `Efron, die Hettiet, is; ³⁰ in die grot wat in die veld van Makhpelah is, wat voor Mamre lê, in die land Kena'an; die veld wat Avraham van `Efron, die Hettiet, as eiendom vir 'n graf gekoop het.

Jakob het 'n verwagting gehad dat hy met sy voorouers verenig sal word!

Maar tog sê die eerste vyf boeke van Moses baie min oor lewe na die dood, want die fokus is op hoe ons in hierdie lewenstyd moet lewe en nie op die hiernamaals nie. Daarom is dit moontlik om die Torah van Moses te bestudeer en tot die gevolgtrekking te kom dat daar nie lewe na die dood is nie, asook geen opstanding uit die dood nie! Dit is die gevolgtrekking waartoe die Sadduseërs in die tyd van Yeshua en die Apostels gekom het. Maar die Fariseërs het dieselfde Skrifte gelees en tot die teenoorgestelde gevolgtrekking gekom. Hulle het geglo in lewe na die dood en die opstanding uit die dode.

Lewe na die dood is om te glo in 'n ewige lewe!

Hierdie lewe na die dood is in die Torah van Moses verskuil, maar word in die Skrifte van die nuwe verbond duidelik openbaar. So sien ons byvoorbeeld hierdie waarheid verskuil in Ex. 6:3 en 4 waar YHVH aan Moses sê:

³ Ek het aan Avraham, aan Yitz'gak en aan Ya'akov verskyn as El-Shaddai (Die Magtige God wat meer as genoeg is) en was Ek nie met My Naam, יהוה, aan hulle bekend nie? ⁴ Ek het ook My verbond met hulle vasgestel om aan hulle die land Kena'an te gee, die land waarin hulle as besoekers gebly het.

YHVH verwys na 'hulle' aan wie Hy Kanaän (die land Israel) sal gee. Hierdie 'hulle' verwys terug na Abraham en sy nageslag (Gen. 15:18) en sluit dus Abraham, Isak, Jakob en hulle nageslag in. Die feit dat Abraham, Isak, Jakob en hulle nageslag wat in geregtigheid voor YHVH gewandel het nog nie die Beloofde Land in besit geneem het nie, is bewys dat die opwekking van die wat gesterf het, wel sal plaasvind!

Maar die patriarge het gesterf, sonder dat hulle die belofte ontvang het:

In vertroue is hulle almal dood, sonder om die beloftes te ontvang, maar hulle het dit op 'n afstand gesien en hulleself daarin verheug en het erken dat hulle vreemdelinge en nomades op aarde is. Heb. 11:13.

YHVH is die getroue Verbondsgod, maar ten einde Sy beloftes waar te maak, sal hy die patriarge uit die dood opwek. Daarom was Jakob so beslissend oor sy versoek om in Kanaän begrawe te word.

Jakob het met vertroue sy dood tegemoet gegaan, want hy het 'n verhouding met sy Skepper-God gehad, asook 'n verwagting dat YHVH se beloftes waar sal word en dat hy deel daaraan sal hê!

Ondermeer is Dan. 12:2 bevestiging van lewe (ewige lewe) na die dood en opstanding uit die dood:

Baie van dié wat in die stof van die aarde slaap, sal wakker word, sommige tot die ewige lewe en sommige tot vernedering en ewige verwerping.

Die Skrifte van die nuwe verbond is bevestiging van lewe na die dood soos bevestig word deur diegene wat Yeshua gevra het oor wat om te doen om die ewige lewe te beërwe (Matt. 19:16; Mark. 10:17; Luk. 10:25; Luk. 18:18), asook deur Yeshua se verduideliking van wedergeboorte aan Nikodémus (Joh. 3:1 tot 16).

Die Skrifte van die nuwe verbond bevestig ook die opstanding van die wat gesterf en hulle oordeel – sommige tot ewige lewe en ander tot ewige straf (Matt. 25:46 en Joh. 5:27 tot 29).

27 Hy het aan Hom outoriteit gegee om ook te veroordeel 28 omdat Hy die Seun van die mens is. Moenie julle hieroor verwonder nie, want daar kom 'n tyd wanneer almal wat in die grafte is, Sy stem sal hoor 29 en sal uitgaan; die wat goed gedoen het, in die opstanding van die lewe in en die wat bose dade gedoen het, in die opstanding van die veroordeling in. Joh. 5:27 tot 29.

Volgens die Skrifte van die nuwe verbond sal daar twee opstandings wees. Die eerste opstanding tot die ewige lewe (1 Thess. 4:14, 1 Kor 15:13 – 14, Open. 20:4 - 6) en die tweede opstanding om die geestelike tweede dood te sterf in die Poel van Vuur (Open. 20:11 – 15, Open. 21:8).

Bepeins of Bespreek

1. Ons wat uit die Christendom kom het 'n sekere siening oor lewe na die dood, naamlik van die hemel en die hel, asook van wat gebeur wanneer ons sterwe. Een baie belangrike vraag is egter: Gaan ons bewus wees van ons voortbestaan na die dood, of onbewus wees (soos om te 'slaap') in die graf (soos 'n saad in die grond) om later opgewek te word? Die meerderheid siening is een van 'n bewustheid na sterwe. Maar is hierdie siening Skriftuurlik, veral gesien in die lig van die opstanding uit die dood om veroordeel te word – tot die ewige lewe of tot ewige straf ?

-0-0-0-0-0-0-0-0-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom.

Johan.

Epos: kontak@nuwelielied.info

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.

Rabbynse Judaïsme: Het Jy Geweet?

Deel 8: Die Zohar

Hersiening

In Deel 7 is Kabbalah as deel van Rabbynse Judaïsme bespreek, asook die oorsprong daarvan wat teruggevoer kan word na antieke Babilon.

Kabbalah is reeds vir eeue die mistieke (geheimenisse) van die Jodedom en word ondermeer die 'siel van die Torah', die 'innerlike Torah' en die 'wysheid van die waarheid' genoem. Beoefening van Kabbalah, so word gegelo, openbaar die geheime en wysheid van Torah en die Talmud op 'n mistieke wyse! Dit word ook voorgehou as die wyse om voldoening op elke vlak van die lewe te ondervind.

Hoewel Kabbalah nie deur alle Ortodokse Jode gepraktiseer word nie, is dit wel 'n integrerende deel van Chassidiese (Hassidiese) Judaïsme.

Hoewel Kabbalah vir eeue lank ‘n goed bewaarde geheim was, is daar hedendaags talle organisasies binne en buite Israel wat kursusse en studiemateriaal aanbied om mense alles te leer aangaande Kabbalah. Deesdae is daar egter ook baie vertakkings (vorme) van Kabbalah wat deur gewilde Hollywoodsterre en supersterre van die musiekbedryf as geloofspraktyk gevolg word!

Die belangrikste is om te verstaan dat beide die Talmud en Kabbalah met Babiloniese afgodery besoesel is!! Babilon beteken ‘verwarring’ en Satan het ten doel om verwarring te skep deur die waarheid en die leuen te meng op ‘n wyse dat dit steeds soos die waarheid lyk! Daarom is beide die Talmud en Kabbalah die gees van die Antimessias en is dit ‘n gruwel in YHVH se oë.

In Deel 8 sal die Zohar bespreek word wat as die “heilige skrifte” van Kabbalah beskou word. Kabbalah en die Zohar loop hand aan hand!

Weereens wil ek herhaal dat die doel is, net soos met die Talmud en Kabbalah, nie om die Zohar volledig te bespreek nie, maar om, soos met die hele reeks, te waarsku teen die gevare van Rabbynse Judaïsme waarvan die Talmud, Kabbalah en die Zohar ‘n groot deel uitmaak.

*One of the most common deceptions among Christians returning to the Jewish Roots of the Faith is the entanglement with unbiblical “Jewish” traditions and especially the Kabbalah and the Talmud! It is imperative that we understand that not everything “Jewish” is also “Hebrew” or Biblical. **Judaism is a religious system much like Christianity that its source is in the poisonous tree of Knowledge of Good and Evil.** (<http://kad-esh.org/flee-the-kabbalah-deception/>)*

Wat Is Die Zohar?

Zohar (Hebreeus: זֹהָר) beteken *prag*, *grootsheid* en *glans* en is die grondslag van al die literatuur van die mistieke (die geheimenisse) van Kabbalah en dus van Rabbynse Judaïsme. Die Zohar beslaan etlike volumes geskryfte waarin ondermeer die mistieke aspekte van die Torah bespreek word, asook die mistieke van die skeppingsleer en mistieke psigologie. Die Zohar bevat ook besprekings oor die aard van God, die oorsprong en samestelling van die heelal, die aard van die siel, verlossing, die verwantskap tussen ‘universiële energie’ en die mens, en vele meer mistieke onderwerpe.

Volgens Bnei Baruch Kabbalah (<http://www.kabbalah.info>) word die Zohar soos volg beskryf:

The Zohar is a collection of commentaries on the Torah, intended to guide people who have already achieved high spiritual degrees to the root (origin) of their souls.

The Zohar contains all the spiritual states that people experience as their souls evolve. At the end of the process, the souls achieve what Kabbalah refers to as “the end of correction,” the highest level of spiritual wholeness.

To those without spiritual attainment, The Zohar reads like a collection of allegories and legends that can be interpreted and perceived differently by each individual. But to those with spiritual attainment, i.e. Kabbalists, The Zohar is a practical guide to inner actions that one performs in order to discover deeper, higher states of perception and sensation.

The purpose of The Zohar is to be a guide for people to attain the origin of their souls.

Die eerste publikasie van die Zohar deur Rabbi Moses de Leòn was in die dertiende eeu in Spanje (<https://en.wikipedia.org/wiki/Zohar>). Volgens ander bronne was die Zohar reeds gedurende die elfde eeu geskryf (www.kabbalah.info). Maar Rabbi de Leòn het beweer dat die welbekende Rabbi van die tweede eeu, Shimon bar Yochai, ook bekend as Rashbi, die Zohar geskryf het. Volgens oorlewering het Rashbi vir die vervolging deur die Romeine gevlug en vir dertien jaar in 'n grot weggekuip waar hy die Torah bestudeer het. Gedurende dié tyd is hy volgens oorlewering deur die profeet Elia geïnspireer om die Zohar te skryf.

Maar volgens sommige bronne kan die oorsprong van die Zohar teruggevoer word na Abraham en Moses!

Kabbalah, die Zohar en die okkulte


Kabbalah en die gepaardgaande Zohar word ook deur die 'New Age' orde en verwante okkulte groepe as hulle basiese leerstellings gebruik. Die feit dat okkultegroepes soos die 'New Age' beweging, asook sterrewiggelaars en Tarotkaartlesers ook Kabbalah en die Zohar koester as basis van hulle leerstellings, is voldoende bewys van die onderliggende boosheid van Kabbalah en die Zohar.

Hoewel Rabbynse Judaïsme ontken dat Kabbalah en die Zohar enige verbintenis met die okkulte het, is die feit dat byvoorbeeld Tarotkaartlesings gebruik maak van Kabbalah se boom van die lewe, juis bevestiging daarvan!

Die webblad 'Sun Ray' (<http://www.sunnyray.org>) verduidelik dit soos volg:

If you have never heard about it, there is a straightforward correlation between the subset of Tarot Cards named Major Arcanas and the Kabbalah. The implications are so profound and true that if you have never heard about them you have missed a lot in terms of the underlying meaning and spiritual attributes of Tarot. The link is established by taking a good look at the [symbolic representation of Tree of Life of Kabbalah](#). The Tree of life constitutes of 10 Spheres or Levels of Influence, called Sephirot (plural) and 22 Paths connecting these Sephirot (see the image for clarifications).

Sien ook Deel 7 se verduideliking van Kabbalah se boom van die lewe.



Die volgende kort video ‘Tarot & the Kabbalistic Tree of Life / Tarot Cards’ is een van vele videos en ander inligting wat op die internet beskikbaar is en wat die noue verband tussen Kabbalah en die okkulte verduidelik: <https://www.youtube.com/watch?v=8qLyw-f9QqA>

Opsomming

Die webblad www.kad-esh.org som die misleiding van Kabbalah en die Zohar soos volg op:

*Today Kabbalah has become popularized by such writers as Yehuda Berg and spread by the internet and TV. Many traditional Jewish cabalists condemn contemporary Kabbalah movements as fanciful and overly popularized misrepresentations of authentic Kabbalistic philosophy. **Whichever the case, today’s Kabbalah is definitely more new age than biblical. Even though modern popularized Kabbalah has been condemned by traditional cabalists, readings from the Zohar, which is several hundred years old and is at the heart of Kabbalah, reveals theology reminiscent of the new age: reincarnation, inner divinity, pantheism, etc.***

The truth is that Kabbalah has evolved. But it has evolved from one heresy deeper into another. It is not biblical and it is not true.

Kabbalah se boom van die lewe, tesame met die Zohar, is in werklikheid die boom van kennis van goed en kwaad waarvan ons nie mag ‘eet’ nie! Hierdie boom bevat die goeie en die kwade – ‘n mengsel van die waarheid en die leuen! Dit is die gees van die Antimessias wat hom voordoen as ‘n engel van die lig en baie gelowiges wat terugkeer na hulle Hebreeuse wortels mislei!

Dit herinner ons aan die woorde van Paulus in 2 Kor. 6:17 en 18 toe hy gesê het:

*17 “As gevolg hiervan,” sê יהוה, “gaan van tussen hulle uit, skei jou af van hulle, raak nie die dinge wat onrein is, aan nie en Ek sal julle ontvang **18** en Ek sal vir julle ‘n Vader wees en julle sal vir My seuns en dogters wees,” sê יהוה, wat almal vashou.*

So ook het Yeshua aan ons opdrag gegee en ons gewaarsku in Open. 18:4 en 5:

*4 Ek het ‘n ander stem uit die hemel hoor sê: “Gaan uit haar uit, My volk sodat julle nie deel kry aan haar sondes en nie van haar plaë ontvang nie, **5** want die sondes in haar het opgestapel tot by die hemel en God het haar boosheid in herinnering geroep.*

Die ware Boom van Lewe is Yeshua, Die Gesalfde Een – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Elkeen wat wedergebore is, en met die Afgesonderde Gees gevul is, het nie die Talmud of Kabbalah of die Zohar nodig om die geheimenisse van YHVH en Sy wil vir die mens te ontdek nie! Deur vertrouwe in Yeshua ontdek ons die Waarheid en die Weg en ‘n Lewe van shalom – vrede, voorspoed, gesondheid en vergenoegdheid!

Omdat ons onskuldig verklaar is, sal daar daarom deur vertrouwe, vir ons vrede, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid by God wees deur ons Meester, Yeshua, Die Gesalfde Een.
Rom. 5:1.

Talmud, Kabbalah en die Zohar gaan hoofsaaklik oor die geestelike, MAAR sonder die Afgesonderde Gees van YHVH-God!! Dit is die demoniese nuttelose werke van die vlees van diegene wat nog nie die Waarheid aangaande YHVH soos dit in Yeshua Messias openbaar gemaak is, ontdek het of dit wil glo nie!

Rabbynse Judaïsme is die gees teen wie ons as die geregtigheid van YHVH in Yeshua 'n stryd met die volle wapenrusting van YHVH moet voer (Gal. 6:10 tot 20)!

-0-0-0-0-0-0-0-

Shalomgroete.

Johan.

Epos: kontak@nuweliëd.info

Webwerf: <http://www.nuweliëd.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.